

# SKOOLREËLS



## *Leeuwenhof Akademie*

### **1. DWELMBELEID:**

In ooreenstemming met die Hersiene SA-Skole Wet, mag enige leerder getoets word vir die misbruik van onwettige middels, of deursoek word op die diskressie van die skoolhoof. Dit mag gedoen word deur die hoof self of enige persoon deur die hoof hiertoe gemagtig. Dit sluit ook in skooltasse, sportsakke en sluitkaste

- 1.1 Enige leerder in besit of onder die invloed van enige onwettige middel op die skoolgronde, by 'n skoolfunksie of in skooluniform, sal geskors word.
- 1.2 Enige leerder wat met enige onwettige middel handeldryf, sal geskors word en gerapporteer word aan die SA polisie.
- 1.3 Enige leerder wat positief toets vir enige onwettige middel, sal saam met sy ouers in 'n dissiplinêre verhoor verskyn. 'n Straf van ten minste 'n finale skriftelike waarskuwing sal gegee word op voorwaarde dat 'n beradingsprogram bygewoon word deur die leerder. Skorsing is beslis die eerste opsie tensy daar duidelike versagterende omstandighede is. Die leerder sal dan na 6 weke weer getoets word. Indien die leerder weer positief toets, sal die leerder geskors word.

### **2. ROOKBELEID:**

- 2.1.1 Geen leerder mag op die skoolgronde, *op toere, buite die skoolterrein (in skooldrag of gewone klere)* rook nie (*dit sluit Hubbly in*). Indien iemand hom of- haarself skuldig maak aan hierdie oortreding sal die leerder na die Hoof/Adjunkhoof verwys word. Die leerder se ouers sal geskakel word en verdere aksie sal geneem word. 'n Leerder wat saam met 'n groep rokers staan of sit, sal as skuldig beskou word deur assosiasie. Geen elektroniese sigarette word toegelaat nie en sal gekonfiskeer en weggegooi word.

### **3. SELFONE, MP3-SPELERS EN I-PODS EN ANDER ELEKTRONIESE WARE:**

- 3.1 Selfone en enige elektroniese ware moet tydens skoolure af wees. Indien 'n selfoon aan is tydens skoolure word dit afgeneem tot aan die einde van die dag. Indien dit die 3 de keer gebeur word die selfoon gehou tot aan die einde van 'n termyn
- 3.2 Die skool aanvaar nie verantwoordelikheid vir selfone of enige elektroniese ware wat verlore raak of gesteel word nie.

### **4. SKOOLBELEID – SOSIALE MEDIA: FACEBOOK:**

- 4.1 Gebruik van sosiale media word aangemoedig en die belangrikheid daarvan erken. Die Hoërskool het 'n amptelike *Faceboek* blad wat sorgvuldig gemonitor word. Dit staan as Leeuwenhof Akademie (Amptelik) bekend.
- 4.2 Administrateurs van die blad plaas gereeld foto's en inligting oor gebeure op die blad.
- 4.3 Geen negatiewe kommentaar van die skool of individue mag op die blad geplaas word nie.

- 4.4 Leerlinge wat as “vriende” van die skool geregistreer mag geen fotos van medeleerlinge of onderwysers sonder die toestemming van die betrokke persoon op hul persoonlike *Facebook*-blad plaas nie.
- 4.5 Leerlinge van Leeuwenhof Akademie mag geen afbrekende of persoonlike kommentaar oor die Leeuwenhof Akademie, sy onderwysers of leerlinge op hul persoonlike *Facebook*-blaaie plaas nie.
- 4.6 Leerlinge en ander gebruikers van *Facebook* moet deeglik daarvan bewus wees dat *Facebook*’n publieke forum is en die misbruik daarvan al ernstige gevolge (insluitend hofsake) gehad het.

## **5. BUSSE:**

- 5.1 Geen gestampery, rondlopery en rondhardlopery word op busse toegelaat nie
- 5.2 Busse moet ten alle tye netjies gehou word
- 5.3 Geen beskadiging van sitplekke en vensters word toegelaat nie
- 5.4 Wag totdat die bus stop voordat daar opgestaan word
- 5.5 Kleredragreëls van die skool geld ook op die bus en wanneer daar by ‘n busstop afgestig word met die uitsondering wanneer sportdrag gedra word.

## **6. STIPTELIKHEID:**

- 6.1 Daar word verwag dat leerders betyds by die skool sal wees
- 6.2 Hoërskoolleerders wat laat is moet eers by Hoërskoolontvangs aanmeld

## **7. AFWESIGHEID VAN LEERDERS:**

- 7.1 Skriftelike verskonings moet ingedien word vir afwesighede.
- 7.2 Indien ‘n leerder afwesig is tydens toetse en eksamens moet ‘n mediese brief ingehandig word

## **8. AFHAAL VAN LEERDERS TYDENS SKOOLURE:**

- 8.1 Leerders moet ‘n toestemming hê om die skoolterrein te verlaat. Toestemmingsbriewe word by ontvangs gekry en moet by die hekwag ingehandig word

## **9. MERK VAN BESITTINGS:**

- 9.1 Alle besittings moet op ‘n permanente wyse gemerk wees

## **10. TOESIGKLASSE:**

- 10.1 Indien ‘n Laerskoolleerder nie betrokke is by enige buitemuurse aktiwiteit na skool nie, is hy/sy verplig om in die toesigklasse te wees. Die Hoërskooltoesigklasse is opsioneel.
- 10.2 Die klasontwrigting prosedure is ook tydens toesigklasse van toepassing by die Laerskool.

## **11. SAAL:**

- 11.1 Die in- en uitstap in die saal moet ordelik geskied

- 11.2 Geen leerder of groep mag in die saal wees sonder toesig deur 'n ondewyser of verantwoordelike volwassene nie
- 11.3 Geen eet- en drinkgoed mag in die saal geneem word nie

## **12. KLASKAMERS EN TERREIN:**

- 12.1 Geen leerder mag sonder toesig in 'n klas wees nie
- 12.2 Geen voedsel of koeldrank mag in klaskamers genuttig word nie. Hierdie geld net vir gr 4 tot 12 leerders
- 12.3 Daar moet altyd uitstaande dissipline in klasse wees
- 12.4 Geen leerder mag (sonder toestemming) buite 'n klas wees gedurende periodes nie.
- 12.5 Tydens personeelafwesighede is leerders verplig om in 'n opdeelklas te wees.
- 12.6 Alle leerders moet op die toegewysde speelterrein speel
- 12.7 Geen leerder mag, alternatiewelik, op 'n ander skool se terrein wees sonder toesig nie. Dit geld vir die volgende tye – 07:00 tot 16:00
- 12.8 Geen gevaarlike speletjies mag op die speelgrond gespeel word nie
- 12.9 Geen leerder vanaf gr 4 tot 12 word toegelaat om sy/haar skoene voorskool en tydens pouses uit te trek nie
- 12.10 Geen leerder mag in die binnehof, amfiteater, gange of op die stoepe speel of hardloop nie
- 12.11 Tydens klaswisseling moet leerders ordelik, agtermekaar en aan die linkerkant in rye loop. Tydens klaswisseling mag daar nie geskree, hard praat of gespeel word nie
- 12.12 Leerders mag mekaar nie met water gooi of spuit nie
- 12.13 Daar mag nie balspeletjies gespeel word naby geboue waar daar vensters is nie
- 12.14 Geen klippe of voorwerpe mag gegooi word nie
- 12.15 Wanneer die klok lui moet leerders dadelik en flink na die aantreeblad of klasse toe stap. Geen leerder sal toegelaat word om laat by die rye/klas te kom nie
- 12.16 Die skoolterrein moet altyd netjies gehou word.
- 12.17 Geen kougom mag die skoolterrein binnegebring word nie
- 12.18 Geen skool of -privaateiendom of skoolgeboue mag beskadig word nie

## **13. PERSONEELKAMER:**

- 13.1 Geen leerder word in die personeelkamer toegelaat sonder toestemming nie

## **14. KLEEDKAMERS:**

- 14.1 Geen spelery of samedromming word hier toegelaat nie
- 14.2 Los die kleedkamers soos wat jy dit graag sou wou vind

## **15. SLUITKASTE:**

- 15.1 Sluitkaste mag nie verniel word nie en moet altyd netjies wees
- 15.2 Daar mag geen items in sluitkaste wees wat in teenstelling met die skool se reëls is nie.

## **16. ALGEMEEN:**

### **16.1 Die volgende is van toepassing op die Hoërskool:**

- 16.1.1 Hoërskoolleerders mag detensie opgelê word deur enige personeellid in samewerking met die hoof van dissipline, vir onaanvaarbare gedrag of enige

gedrag wat nie die waardes en beginsels van Leeuwenhof Akademie weerspieël nie.

16.1.2 Detensie kan gepaard gaan met die maak van toebroodjies vir 'toebroodjie-dag', skoonmaak van tafels, ens.

16.1.3 Tatoeëermerke mag nie sigbaar wees nie.

16.1.4 Leerders moet hulle ten alle tye goed gedra op die stoepe en tydens klaswisseling. Wanneer die 3-minuut-klok lui, moet almal reeds in die volgende klas wees. Laatkommers sal 'n *inskrywing kry*.

## **16.2 Die volgende is van toepassing op Hoërskool en Laerskool:**

16.2.1 Ons verwag van ons leerders om ten alle tye met respek op te tree teenoor onderwysers, ouers, besoekers en alle personeel. Ons groet alle mense vriendelik en is hulpvaardig.

16.2.2 Geen bakleiery, spoegery, vloekery, spottery, boelie of onbeheersde woedebuie is toelaatbaar nie

16.2.3 Geen fisiese kontak nl. soenery en handevashouery word op die skoolterrein toegelaat nie.

16.2.4 Die neem van ander se besittings word as diefstal beskou, wat 'n baie ernstige oortreding is

16.2.5 Geen gevaarlike wapens word op die skoolterrein toegelaat nie

## **17 Netheid en voorkoms - Hoërskool:**

### **DOGTERS**

#### **17.1 SKOOLDRAG:**

Die korrekte skooluniform moet ten alle tye gedra word:

- Skoolrompie *in die somer* of skoolbroek *in die winter* (afhangend van *weer*).
- Skoolrompie moet op die regte lengte gedra word (5cm bo die knie).
- Skoolrompie mag nie opgerol wees nie
- Skoolbloes *in die somer* of langmouhemp *in die winter* wat gedra word met die skooldas (afhangend van die seisoen).
- **Gepaste** onderklere moet ten alle tye gedra word.
- Swart skoolskoene met veters of gespes
- Lang swart skoolkouse *bobby socks* of *swart sykouse*.
- Skooltrui of oortrektrui.
- In uiterste koue mag die skoolsweetpakkostuk onder die baadjie gedra word. Geen ander warm klere mag sigbaar wees nie. Serpe en handskoene moet donkergroen of swart wees. Geen wolmusse word toegelaat nie.
- Skoolbaadjie (moet ten alle tye buite die klaskamer gedra word).
- Geen aansteekspelde of balkies, behalwe dié wat deur die skool toegeken is, mag gedra word nie.
- Tydens verpligte bywoning van sportbyeenkomste moet leerders in volledige skooldrag geklee wees

Indien die korrekte skooldrag nie gedra word nie, sal die leerder 'n *skriftelike inskrywing* ontvang, wat op 'n *amptelike aanmaningsvorm* aangeteken sal word wat *deur haar onderteken moet word*. Nadat 3 *inskrywings* ontvang is, sal die leerder onmiddellik op detensie geplaas word, of die leerder se ouers sal geskakel word om 'n afspraak te reël.

## **17.2 HARE:**

- Hare moet ten alle tye netjies wees.
- Alle bykomstighede moet by die skoolkleure pas (silwer, goud, geel, swart, groen).
- Kuiwe mag nie in 'n leerder se oë hang nie, indien lank, moet dit vasgesteek wees.
- Hare moet natuurlik lyk
- Geen ligstrepe in hare is toelaatbaar nie
- Geen haarverlengings is toelaatbaar nie
- Hare wat skouerlengte of langer is, moet vasgemaak wees.
- Wenkbroue mag nie gekleur word of op snaakse maniere geskeer word nie.  
As 'n leerder se hare nie aan die skoolreëls voldoen nie, sal *dit aangeteken word en 'n sperdatum aan haar gegee word*. Haar hare moet teen hierdie datum aan die skoolreëls voldoen. 'n Lid van die SR sal op die gegewe datum die oortreding opvolg en indien die leerder se hare nog nie op hierdie datum aanvaarbaar is nie, sal haar ouers geskakel word en gevra word om die leerder by die skool te kom afhaal. Die leerder sal eers weer by die skool toegelaat word wanneer sy aan al die reëls voldoen.

## **17.3 JUWELIERSWARE:**

- Horlosies mag gedra word.
- *Geen dun, goue of silwer id of 'nomonation' tipe armband of power bands, mag gedra word nie.*
- Geen rubberbandjies mag gedra word nie.
- Geen kettinkies mag gedra word nie.
- Mediese bandjies mag gedra word (medic-alert armband of hangertjie).
- Slegs een of twee silwer of goue ringoorbelle van *nie meer as 1cm in deursnee* of 'n "stud" *2mm in deursnee* mag gedra word in die onderste deel van die oor (oorlel).
- Geen oorbel mag in enige ander deel van die oor gedra word nie.
- Indien 'n stud diamant gedra word, mag die juweel nie groter as 'n normale stud wees nie.
- Geen neusring of tongring, ens. mag gedra word nie.  
Indien 'n leerder verkeerde of ontoelaatbare juwele dra, sal dit gekonfiskeer word en in die kantoor gehou word tot die einde van die termyn.

## **17.4 NAELS EN GRIMERING:**

- Naels mag *slegs* met 'n *kleurlose naellak geverf* wees wat natuurlik voorkom. **Geen ander kleure naellak sal geduld word nie. "French manicure" word nie toegelaat nie.**
- *Die wit deel van die nael wat verby die naelbed steek, mag nie 2mm oorskry nie.*
- Geen juwele/blinkers op die naelpunte word toegelaat nie.
- Geen grimering mag deur 'n leerder gedra word nie; *dus geen onderlaag, geen vals oogwimpers of vals wimperinplantings, oogpotlood, maskara ens nie*  
Enige leerder wat die grimeringsreëls nie nakom nie, sal 'n *skriftelike amptelike aanmaning kry en met die 3de oortreding* sal die ouers gekontak word en gevra word om die leerder by die skool te kom haal. Die leerling sal weer toegelaat word sodra die grimering verwyder is.

# Indien leerders nie die netheidsreëls nakom gedurende eksamens nie sal leerders nie toegelaat word om die eksamen af te lê nie.

## SEUNS

### **17.5 SKOOLDRAG:**

Die korrekte skooluniform moet ten alle tye gedra word:

- Donker 'charcoal' skoollangbroek of kortbroek (afhangend van seisoen).
- Langmou of kortmou wit kraaghemp met 'n skooldas.
- Swart skoelkouse met veters. Geen kouse met gespes word toegelaat nie
- Geen punterige of "square toe" kouse mag gedra word nie.
- 'n Skooldas moet ten alle tye gedra word.
- 'n Skooltrui of oortrektrui.
- In uiterste koue mag die skoolsweetpakkostuk onder die baadjie gedra word. Geen ander warm klere mag sigbaar wees nie. Serpe en handskous moet donker groen of swart wees. Geen wolmusse word toegelaat nie. Amptelike skoolkepe mag gedra word, maar nie in die klas nie.
- Lang skoolkouse word ten alle tye saam met kortbroeke gedra.
- Swart kouse moet ten alle tye saam met 'n langbroek gedra word.
- Swart belt moet ten alle tye gedra word. (Sonder 'n groot gespe)
- Skoolbaadjie (moet ten alle tye buite die klaskamer gedra word).
- Geen aansteekbalkies, behalwe dié wat deur die skool toegeken word, mag gedra word nie.
- Tydens verpligte bywoning van sportbyeenkomste moet leerders in volledige skooldrag geklee wees.

As die korrekte skooldrag nie gedra word nie, sal die leerder 'n *skriftelike inskrywing kry op 'n amptelike aanmaningsvorm wat deur hom onderteken moet word*. Nadat 3 inskrywings ontvang is, sal die leerder onmiddellike detensie ontvang, of die leerder se ouers sal geskakel word om 'n afspraak te reël.

### **17.6 HARE:**

- Hare moet ten alle tye netjies wees.
- Hare mag nie oor die ore of kraag hang nie.
- Kuiwe moet ten minste 1cm bo die leerder se wenkbroue wees.
- Matige gebruik van "gel" of "wax" vir stylering word toegelaat. *Indien hare opgegel of "spiky" is, mag dit nie langer as 3cm wees nie.*
- Hare moet natuurlik lyk
- Seuns sal ten alle tye skoon geskeer wees. *Indien dit nie die geval is nie sal van hulle verwag word om by die skool te skeer.*
- *Sybaard "Sidies" lengte slegs tot by middel van oor.*
- Hare moet egalig geskeer wees. Patrone, mohawks of soortgelyke style word nie toegelaat nie.
- Wenkbroue mag nie gekleur word of op snaakse maniere geknip/geskeer word nie.

As 'n leerder se hare nie aan die skoolreëls voldoen nie, *sal hy 'n inskrywing ontvang asook 'n sperdatum aan hom gegee word*. Sy hare moet teen hierdie datum aan die skoolreëls voldoen. 'n Lid van die SR sal op die gegewe datum die oortreding opvolg en indien die

leerder se hare nog nie op hierdie datum aanvaarbaar is nie, sal sy ouers geskakel word en gevra word om die leerder by die skool te kom afhaal. Die leerder sal eers weer by die skool toegelaat word wanneer hy aan al die reëls voldoen.

### **17.7 JUWELIERSWARE:**

- Geen juwele mag gedra word nie.
- Horlosies mag gedra word.
- Mediese bandjies mag gedra word (medic-alert armband of hangertjie).
- Geen ringe mag gedra word nie.
- Geen hangertjies mag gedra word nie.
- *Geen dun, goue of silwer id of 'nomonation' tipe armband of power bands mag gedra word nie.*
- Geen oorbelle, neusring of tongring, ens. mag gedra word nie.  
Indien 'n leerder verkeerde of ontoelaatbare juwele dra, sal dit gekonfiskeer word en in die kantoor gehou word tot die einde van die termyn.

# Indien leerders nie die nethheidsreëls nakom gedurende eksamens nie sal leerders nie toegelaat word om die eksamen af te lê nie.

## **18 NETHEID EN VOORKOMS - LAERSKOOL:**

### **18.1 Grimering:**

- Geen grimering of die tint van wenkbroue en wimpers of naelpolitoer is toelaatbaar nie.

### **18.2 Juweliersware:**

- Goud of silwer "stud" of klein ringetjies is aanvaarbaar
- Uitsluitlik mediese bandjies of kettinkies is toelaatbaar
- Geen ander armband, ringe of kettinkies is toelaatbaar nie

### **18.3 Kleredrag:**

- Baadjies en skoolskoene is elke dag verpligtend saam met die skooluniform
- KDA: Seilskoene, met wit kouse, wat met vetters of "velcro" vasgemaak kan word is toelaatbaar

### **18.4 Hare en bykomstighede:**

- Die kleur van hare en ligstrepe is ontoelaatbaar
- Dogters se hare moet so vasgebind word dat die kuif nie in die oë hang nie
- Dogters wie se hare aan hul krae raak moet agter vasgebind word
- Donkerbruin en/of geel rekkies, lint en skool "scrunchie" is toelaatbaar saam met skooluniform
- Groen en geel bykomstighede word saam met KDA klere gedra

# Indien leerders nie die nethheidsreëls nakom gedurende eksamens nie sal leerders nie toegelaat word om die eksamen af te lê nie.

## 18.5 Skooldrag:

<b>Seuns</b>	<b>Dogters</b>
<b>Somer (Laerskool)</b>	<b>Somer (Laerskool)</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bruin Baadjie met skoolwapen</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bruin Baadjie met skoolwapen</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wit oopnek – kortmouhemp</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wit oopnek – kortmouhemp</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bruin kortbroek</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geruite broekrump</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bruin Veterskoene</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geruite onderbaadjie</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kakie kouse</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bruinskoene</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wit kouse</li> </ul>
<b>Winter</b>	<b>Winter</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wit Langmouhemp</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wit Langmouhemp</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skooldas</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bruin Skoolstrikdas</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bruin Langbroek</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bruin Langbroek</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skooltrui</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skooltrui</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Donkerbruin skoolkouse</li> </ul>
<b>Sportdrag</b>	<b>Sportdrag</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sweetpak</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sweetpak</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skool swembroek</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skool swembroek (Dogters)</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geel gholfhemp – vir alle soorte</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geel gholfhemp – vir alle soorte</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Groen atletiekbroeke</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Groen kortbroek</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wit tekkies</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wit tekkies</li> </ul>
<b>Ander</b>	<b>Ander</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Tas met afskortings, donkerkleurig</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Tas met afskortings, donkerkleurig</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skoolsportsak</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skoolsportsak</li> </ul>
	<b>Haarbenodigdhede</b>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Donkerbruin</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skool Geruite "scrunchies"</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Groen of geel rekkies saam K.D.A -klere</li> </ul>